Ek het U lief

# Dapper, al is ek bang

## Bybelteks

*Hatag moes [vir Ester] aansê om na die koning te gaan en hom om genade te smeek en te pleit vir haar volk. Hatag het … Mordegai se boodskap aan haar oorgedra. Ester het Hatag beveel om vir Mordegai te sê: "Al die dienaars van die koning … weet dat daar vir enige man of vrou wat na die koning … gaan sonder dat hulle ontbied is, net een reël geld en dit is dat die persoon doodgemaak word …" Toe Ester se woorde aan Mordegai oorgedra is, het Mordegai haar laat weet: "… wie weet of jy nie juis vir 'n tyd soos hierdie koninklike status verkry het nie?"*

**– Ester 4:8-14**

## Kernwaarheid

**Om dapper te wees beteken nie dat ons nie bang mag wees nie. God kan deur ons werk, al is ons bang.**

### WELKOM

- Hoe het jy gevoel oor die keuses wat die koning(in) gemaak het?

- Hoe het dit gevoel om geen sê te hê oor wat met jou gaan gebeur nie?

## WONDER

- Watter eienskappe het Ester gehad?
- Het iemand al vir jou opgestaan? Hoe het dit jou beïnvloed?
- Waar het jy of iemand wat jy ken die moed gehad om die regte ding te doen, al was dit moeilik?

## WEES

Kyk na die armband wat jy gemaak het. Die woord *isibindi* sal jou herinner dat jy dapper kan wees, al is jy bang, want God is aan jou kant.

## WEGSTUUR

Vertel vir iemand by die huis wat die woord *isibindi* beteken en hoe dit jou aan die verhaal van Ester herinner.